Indrukwekkend is Van Wouw se skepping wat President Kruger in ballingskap voorstel. Van Wouw het hierdie kunswerk in 1907 vervaardig

sy omgewing word buitengewoon goed versorg. Nadat daar gedurende 'n lang tydperk ooreenkomste bestaan het waardeur sekere departemente die tuin versorg het, beskik *Over-Vaal* se tuin nou oor 'n vakkundige superintendent.

Die inrigting van die Administrateurswoning

Daar is reeds verklaar dat die Administrateurswoning die kenmerke van 'n ampswoning besit wat deur sy voorkoms, maar ook deur die groot ingangsportaal en die ontvangskamer duidelik tot die besoeker spreek. Dit geld ook vir die keuse van die meubels en die wandversierings in die vorm van 'n groot aantal werke van bekende Suid-Afrikaanse skilders. Die verskillende kleurskemas en die afwisselende vloerbedekkings in die vertrekke dra verder hiertoe by. Wat die besoeker veral sal boei, is die versameling kunsvoorwerpe en die outydse meubels. Die totaalindruk wat die besoeker verkry, is dié van gepaste deftigheid sonder dat dit koud aandoen. As gevolg van 'n deskundige keuse van aankleding wat die intimiteit van die woning tot sy reg laat kom, straal warmte mens feitlik in elke vertrek tegemoet.

Wat die meubels betref, beskik die Administrateurswoning oor 'n vyftal sierlike sewentiende-eeuse stoele, oor 'n aantal pragtige kiste en 'n aantal moderne meubelstukke wat ooreenkomstig die outydse vormgewing uitgevoer is. Dan is daar kunsvoorwerpe van porselein en erdewerk wat op smaakvolle wyse, gedeeltelik in vertoonkaste, uitgestal is.

Van Anton van Wouw is daar die volgende voorbeelde van sy kuns te sien: die aangrypende vertolking van President Kruger in ballingskap; sy vertolking van die oudste telegrambesteller van die Suid-Afrikaanse Republiek, die gedienstige Lehmans; die bekende „Nooitjie van die Onderveld", 'n fyn uitgevoerde kunswerk van 'n dogter uit die distrik Rustenburg; sy aangrypende meesterwerk „Op Brandwag" wat 'n mens na dae van stryd terugvoer en die klein standbeeldjie van President Kruger wat van burgers wat na die Natalse front vertrek, afskeid neem.

Die skilderyeversameling in die Administrateurswoning bevat 'n groot aantal kunswerke van J. H. Pierneef waaraan ons die ontwikkelingsgang van hierdie begaafde kunstenaar kan leer ken. Ons kry oog en hart vir die uiteenlopende wyse waarop hy sy indrukke vertolk. Soms is die onderdele skerp omlyn, dan weer vloei die verfkleure in mekaar. Sy waterverfskilderye is ook goed verteenwoordig.